

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 32: *Behar* (בהר) – Op die Berg Sinai

יהוה *het met Moshe gepraat op die berg Sinai en gesê: Lev. 25:1–PWL Vertaling*¹.

Torah: Lev. 25:1 tot 26:2

- ❖ 'n Lewende Woord.
- ❖ Hersiening
- ❖ **Lev 25:1 tot 22** – Onderrig En Instruksies Vir Die Shabbatjaar En Die Jubeljaar.
- ❖ **Lev. 25:23 tot 31** – Onderrig En Instruksies Oor Die Lossingsreg Van Verkoopte Erfgoed.
- ❖ **Lev. 25:32 tot 34** – Onderrig En Instruksies Oor Die Stede Van Die Leviëte.
- ❖ **Lev. 25:35 tot 43** – Onderrig En Instruksies Aangaande Die Verarmdes
- ❖ **Lev. 25:44 tot 55** – Onderrig En Instruksies Oor Die Slawe Van Israel
- ❖ **Lev. 26:1 en 2** – Ek Is YHVH Julle God

Haftorah: Jer. 32: 6 tot 27 – 'n Les in vertroue en gehoorsaamheid!

Hernieuwe Verbond: Luk. 4:16 tot 21; Matt. 19:21; 26:11; Mark. 10:21; 14:7; Luk. 14:13,21; Hand. 11:29; Jak. 2:5; Gal. 6:7-10; 1 Joh. 3:17; Jak. 1:9 tot 11; Jak. 5:1 tot 6; Matt. 5:3; 1 Kor. 7:21 tot 24.

If YHVH ever commanded us to do something that He was unable to equip us to accomplish, He would be a liar. And if we make our own inability a stumbling block or an excuse not to

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

be obedient, it means that we are telling God that there is something which He has not yet taken into account." – Oswald Chambers.

A person repents when he comes to the place where he discovers that the will of God is the government of his life and the glory of God is the reason for his life. He only has repented who has changed his mind about his reason for being. – Paris Reidhead

The best way to detect what is false is to know what is true – Greg Laurie

Midrash (Torah Bespreking)

‘n Lewende Woord

Die Woord van YHVH is lewend en dit is kragtig (Heb. 4:12). Dit is ‘n lewende Woord wat tot in ewigheid bly (1 Pet. 1:23). Yeshua is die Lewende Woord (Joh. 1:1) wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde bly (Heb. 13:8). Yeshua se Naam is die Woord van God (Open. 19:13). YHVH se Woord is dit wat was en dit wat is en dit wat kom (Open. 1:4). YHVH bly onveranderlik (Job 23:13) en die Een by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:7). YHVH Yeshua lewe en die Woord lewe en dit kan nooit tot niet gaan nie. Dit kan nooit verouder nie!

Vir ewig, o YHVH, staan u woord vas in die hemele. Ps. 119:89

Daarom is die tien woorde (gebooie) vir ewig! Dit kan nie tot niet gaan nie en dit kan nie verander word nie!! Dit is nie aan die folterpaal vas gespyker nie! Nee, hierdie gebooie is in die verbondsark van die hemelse tabernakel geplaas en is ‘n ewige getuienis (van die verlede, van die hede en en van die toekoms) van YHVH se wil vir die mens. Daarom lees ons in Open. 11:19 – *En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien.* In hierdie verbondsark is die tien gebooie, naamlik die tien pilare van YHVH se Torah, en die Manna wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Yeshua ons Verlosser.

Elke Woord, vanaf Genesis tot Openbaring, lewe en sal tot in ewigheid lewe. Elke Woord wat YHVH gespreek het, is onsterflik en sal nie leeg na YHVH terugkeer nie

Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvotig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.
Jes. 55:11

Daarom skryf Paulus dat YHVH se Torah, Sy liefdevolle onderrig en instruksies, lewend en kragtig is en dit is *skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewigte en van murg en beoordeel die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie* (Heb. 4:12 – PWL).

Omrede YHVH se Woord (Torah) lewe en dit geen veroudering ondergaan nie, is dit elke dag nuut en vars. Elke dag hoor ons YHVH se stem deur Sy Afgesonderde Gees ook vir ons sê: *En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees* (Deut. 6:6).

Ons moet toelaat dat YHVH se Woord soos ‘n swaard met twee snykante skeiding maak tussen wat rein en wat onrein is en tussen wat heilig en wat onheilig is en tussen wat reg en

wat verkeerd is. So moet ons ook YHVH vra om deur Sy Gees ons te help om onderskeid te maak tussen die geestelike (onsienlike, figuurlike) en die fisiese (sigbare, tastbare en letterlike). Ons moet egter onthou dat die fisiese het uit die geestelike tot stand gekom en daarom is die geestelike inherent deel van die fisiese. Derhalwe kan ons nie werklik die fisiese totaal van die geestelike skei nie.

Ons kan nie alles net vergeestelik of alles net fisies (letterlik) van toepassing maak nie. Uiteindelik is die geestelike aspek die belangrikste, maar dit is die fisiese doen, naamlik gehoorsaamheid, wat die geestelike en fisiese gevolge bepaal!

Ons moet ook onthou dat YHVH beide die geestelike wette, sowel as die natuurwette geskape het. Hy is die Wetgewer en ons moet aan beide die geestelike en die natuurwette gehoorsaam wees. Ongehoorsaamheid het altyd nadelige gevolge – nie altyd onmiddellike gevolge nie, maar beslis oor die langtermyn! Die gevolge van die minagting van YHVH se wette is beide geestelik en fisies (materieel, liggaamlik).

Ons moet altyd onthou dat YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah, vir die welsyn van die mens se gees, siel en liggaam is.

Bepeins of Bespreek

1. YHVH se natuurwette verander nooit nie! Hoekom sal YHVH se geestelike wette wat in Torah vervat is dan verander? YHVH is tog gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 1:12 en 13:8)!
2. Deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah), onderwerp ons ons aan YHVH se heerskappy (Koningskap en Regering). Ongehoorsaamheid is om jou onafhanklikheid te verklaar en 'selfregerende te word' – dit is om jou eie onderrig en instruksies op te stel wat gewoonlik 'n mengsel van Torah, eie wette en landswette is.

Hersiening

Ons nader nou vinnig die einde van die boek van Levitikus en daarom is dit gepas om hersiening te doen van die gebeure sedert Israel se bevryding uit Egipte. In Exodus het ons geleer hoe Israel van die Egiptiese slawejuk bevry is en hul onafhanklikheid as volk verkry het. Hul geloof in die geslagde lam en hul gehoorsaamheid tydens die eerste Pesag, op die vooraand van hulle bevryding, het dit alles moontlik gemaak. By Sinai het hulle eenparig ingestem om as verbondsvolk volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah, wet) as bevrydes (geregverdigdes) te lewe ten einde 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde (heilige) nasie vir YHVH te wees (Ex. 19:5 en 6). Vir die doel het YHVH in hulle midde in die tabernakel, wat hulle volgens YHVH se voorskrifte gebou het, kom woon.

Levitikus bevat YHVH se onderrig en instruksies aan die priesterdom en aan Israel hoe om as 'n bevryde en onafhanklike volk vernuwe te word tot 'n koninklike priesterdom en afgesonderde (heilige) nasie. Die onderrig en instruksies in Levitikus is hoofsaaklik hoe om as priesters dienswerk in die tabernakel te verrig, asook hoe 'n ordelike samelewing as YHVH se volk moet funksioneer. Hierdie is YHVH se liefdevolle onderrig van hoe om al die beloftes van seëninge te ontvang. Dit is die onderrig hoe om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en ook tussen heilig (afgesonder, *kadosh*) en onheilig (nie afgesonder nie, *chol*). YHVH as Vader-God is volmaak *tahor* en volmaak *kadosh* en Hy vereis van elkeen van Sy priesters en Sy kinders presies dieselfde!!

Levitikus leer ons ook wat dit behels om die bruid van Yeshua te wees. Die Torah is die *ketubah*, die huwelikskontrak (verbondsooreenkoms) en is die onderneming van die Bruidegom om die bruid liefdevol te versorg en te beskerm.

Soos ons egter nou die einde van Levitikus bereik, is die dae van sit onder die *chupa* (wolkkolom) by Sinai, terwyl YHVH deur Moses die volk in Torah onderrig en hulle as bruid voorberei, vinnig besig om tot 'n einde te kom. Binnekort sal Israel die tog na Kanaän moet voortsit. Die tyd het aangebreek dat die profesie van die beloofde land vervul moet word. Die landstreek wat YHVH aan Abraham by wyse van 'n verbond belowe het, moet in besit geneem word!! Sal Israel dit wat hulle geleer het nou in die praktyk kan toepas??

Hoofstukke 25 tot 27 van Levitikus bevat die laaste van YHVH se onderrig en instruksies voordat hulle begin aanbeweeg na die beloofde land. YHVH fokus sy onderrig en instruksies nou op dit wat hulle moet doen wanneer hulle Kanaän in besit neem, naamlik die noodsaaklikheid van 'n Shabbatsjaar en Jubeljaar (Levitikus 25). Hy herinner hulle aan die seëninge van gehoorsaamheid aan Torah en die vloeke van ongehoorsaamheid (Levitikus 26). Laastens onderrig YHVH hulle in die gee van tiendes.

Bepeins of Bespreek:

1. Daar is duidelike ooreenkomste met Israel en elkeen se persoonlike geloofslewe. Eers bevryding van die slawejuk van sonde deur geloof in Yeshua die geslagde Lam van YHVH (wedergeboorte) wat gevolg word met die uittog uit 'Egipte' (Babilon – gaan uit haar uit my volk; Jes.48:20; 2 Kor. 6:17; Open. 18:4). Om dan YHVH se beloftes van lewe in oorfloed in Yeshua (Joh. 10:10) in besit te neem moet elkeen geleer word om met die hulp van die Afgesonderde Gees Torah-gehoorsaam te lewe. Dit beteken dat Torah deur geloof in Yeshua in elkeen se verstand gegee word en op elkeen se hart geskryf word en dat elkeen met die Afgesonderde gees gevul word. Die eerste vier Bestemde Tye is hiervan 'n afbeelding.
2. Ons is ook, soos Israel, op pad na die beloofde land. In ons reis deur die woestyn moet ons altyd die woorde van Jesaja 55 onthou – die dringende uitnodiging deur YHVH. Let veral op verse 6 en 8 tot 12 [Die 'gedagtes' van YHVH in die verband verwys nie net na YHVH se 'planne' nie, maar ook na Sy bereidwilligheid om te vergewe].
3. Levitikus leer ons dat Yeshua die hoof van die vrou (die bruid) is en dat die vrou (die bruid) aan die man (Bruidegom) onderdanig moet wees. Vergelyk Ef. 5:22 tot 32. Het ons die gesindheid van 'n bruid?

Lev 25:1 tot 22 – Onderrig En Instruksies Vir Die Shabbatjaar En Die Jubeljaar.

Die Shabbatjaar (*Shemittah*, Die Landshabbat): Lev. 25:2 tot 7

As julle in die land inkom wat Ek julle gee, moet die land 'n shabbat hou vir YHVH. Lev. 25:2

Let op die ooreenkoms met die weeklikse Shabbat – ses jaar (ses dae) word gesaai en ge-oes en in die sewende jaar (op die sewende dag) moet die land en die arbeider rus. Die land hou 'n shabbat vir YHVH – in Hebreeus word dit die *shemittah* genoem wat *vrylating of*

kwytskelding beteken. Vir ses jaar werk die skepsel (landbouer) saam met die Skepper om uit die grond ‘n oes voort te bring (te skep, *to create*). Vir ses jaar is die landbouer ‘n ‘mede-skepper’ saam met YHVH – dan moet hy en die grond saam met Sy Skepper in die sewende jaar rus.

Hierdie landshabbat staan bekend as *shmitat karka*, naamlik ‘n kwytskelding (vrylating) van die land.

Elke weeklikse Shabbat is ook ‘n herinnering dat YHVH die Skepper is en dat Hy al die natuurwette (die siklusse van dae, maande, jare en van seisoene en lewe) daar gestel het. Die Shabbatjaar is daarom ook ‘n wyse wat YHVH as Skepper en as die Wetgewer van die natuurwette vereer word.

Die Shabbatjaar, sowel as die Jubeljaar, leer ons ook dat ons vermoë om ‘n inkomste (bestaan, rykdom) te genereer uitsluitlik die genadevoorsiening van Vader-God is (Deut. 8:18). Alles wat ons is, en alles wat ons besit, is in die hande van YHVH en kan alles in een oomblik verander. In alles is ons van YHVH afhanklik en daarom is beide die Shabbatjaar en Jubeljaar ‘n les in dankbaarheid, nederigheid en vertroue dat Vader-God in alle behoeftes sal voorsien. Hy is *El-Shaddai*, die Magtige God wat meer as genoeg is!

Beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar was daarom ook ‘n toets van Israel se vertroue dat YHVH in die sesde jaar en die vyftigste jaar soveel sal voorsien dat daar genoeg sal wees tot die volgende plantseisoen tot daar weer ge-oes mag word (Lev. 25:19 tot 22).

Dit het ook gedien as ‘n herinnering aan die dae in die wildernes waar Israel vir alles van YHVH afhanklik was. YHVH was hulle voorsiener in al hul behoeftes – *El Shaddai*.

Dit het ook gedien as ‘n herinnering dat die land aan YHVH behoort (Lev. 25:23). Vergelyk dit met die Tuin van Eden. YHVH is die eienaar en het die mens opdrag gegee om dit te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15). YHVH het ook bepaal wat mag geëet word (Gen. 2:9, 16 en 17).

Die sewe jaar van die *shemittah*-siklus is ook ‘n sinnebeeld van die 6000 jaar van die begin van die skepping af en waarvan die 7000 ste jaar die Millennium sal wees.

In Deut. 15:1 en 2 lees ons die volgende ten opsigte van die shabbatjaar:

Aan die einde van elke sewe jaar moet jy ’n kwytskelding van skuld laat plaasvind. Dit is hoe die kwytskelding plaasvind: elke skuldeiser moet dit wat hy aan sy naaste geleen het, kwytskeld; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan nie, want dit is aangekondig as die kwytskelding van יהיה (PWL).

Hierdie skuldkwytskelding staan bekend as *shmitat kesafim*, naamlik die kwytskelding van geld (finansiële skuld).

Volgens Judaïsme is die volgende Shabbatjaar vanaf 25 September 2014 (*Yom Teruah*) tot 13 September 2015 (*Yom Teruah*). Ander, soos Joseph Dumond (www.sightedmoon.com) is van mening dat die volgende shabbatjaar vanaf 1 Nisan (Aviv) 2016 tot 1 Nisan 2017 is. Hierdie verskille is hoofsaaklik weens meningsverskille oor wanneer die telling vir die shabbatjaar begin het.

Die Jubeljaar (*Yovel*): Lev. 25:8 tot 22

Jy moet vir jouself sewe Shabbatjare tel, sewe maal sewe jaar en die dae van die sewe Shabbatjare sal vir jou nege en veertig jaar wees. Dan moet jy die shofar (ramshoring) van die jubeljaar laat blaas in die sewende maand, op die tiende van die maand; op die dag van Toedekking moet julle die ramshoring deur die hele land laat blaas. Julle moet die vyftigste jaar afsonder en 'n vrystelling in die hele land verkondig aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees en elkeen van julle moet na sy besittings en elkeen na sy familie teruggaan. Lev. 25:8 tot 10

Na sewe siklusse van sewe jaar moet die vyftigste jaar ($7 \times 7 + 1 = 50$) 'n jubeljaar wees wat op die tiende dag van die sewende maand (op Yom Kippur – Versoendag) deur die blaas van die shofar aangekondig word. Hierdie word beskou as die laaste basuin, want dit verskil van die eerste en die tweede basuin wat op *Shavuot* en *Yom Teruah* onderskeidelik geblaas word.

In Lev. 25:10 en 11 lees ons: *'n jubeljaar moet dit, die vyftigste jaar, vir julle wees.* Met die aankondiging van die jubeljaar (*yovel*- יובל – letterlik *die blaas van die ramshoring*) word alle skuld afgeskryf, die slawe vrygelaat, alle grond teruggegee aan die oorspronklike eienaars en alle landbou bedrywighede word vir 'n jaar gestaak.

Profeties word hierdie gesien as die terugkeer van die tien 'verlore stamme' (versteekte stamme) van Israel, asook van die wederkoms van Yeshua Messias. Met die wederkoms sal die Jubeljaar van die Millennium begin.

Die kernboodskap van die Jubeljaar is vryheid en terugkeer (Lev. 25:10)!

Volgens Lev. 25: 10 en 12 is die Jubeljaar, soos die Shabbatjaar, as afgesonderd (heilig) deur YHVH verklaar. Deurdad Israel vir 'n jaar lank nie die grond vir eie gewin mag benut nie, word hulle daaraan herinner dat alles aan YHVH behoort. Dit is 'n herinnering dat ons *vreemdelinge en bywoners by YHVH is* (Lev. 25:23).

Dit leer ons dat ons net rentmeesters is van dit wat YHVH aan ons gegee het. Ons moet egter goeie rentmeesters wees. Verwys gelykenis van die talente (Matt. 25:14 tot 30).

Volgens Lev. 25:17, 36 en 37 leer beide die *shemittah* en die *yovel* ons om nie onregverdige wins te maak of ons naaste uit te buit nie. Dit dien dus as 'n waarskuwing teen hebsug en gierigheid (1 Tim. 6:10 en Heb. 13:5). Verwys ook Ex. 22:25; Deut. 23:19 en 20. Dit is ook 'n herinnering dat ware sekuriteit nie in rykdom te vinde is nie, maar in 'n vertroue dat YHVH die voorsiener in alle behoeftes is. MAAR: Hierdie vertroue is nie 'n plaasvervanger vir die verantwoordelikheid wat elkeen het om te werk om 'n inkomste te genereer om te kan oorleef!!

Wie sy land bewerk, het volop brood; maar hy wat nietighede najaag, het gebrek aan verstand. Spr. 12:11

Wie sy land bewerk, het volop brood; maar hy wat nietighede najaag, het armoede volop. Spr. 28:19

Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor. 1Tim. 6:10

Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Heb. 13:5

Die Jubeljaar is 'n tipe van gelykstellende aksie aangesien YHVH weer elkeen 'n kans tot 'n nuwe begin gee. Dit is YHVH se onderrig en instruksies vir ekonomiese welvaart vir Sy volk en vir elkeen afsonderlik.

Die doel van die Shabbatjaar en Jubeljaar kan soos volg in die woorde van Rabbi Louis Jacobs opgesom word: *The Sabbatical Year and Jubilee Year provided for a period of both social equality and ecological recovery.*

Bepeins of Bespreek

1. Die Shabbatjaar en die Jubeljaar kan ook as deel van YHVH se afsprake met die mens gesien word. Sien ook die ooreenkoms tussen die vyftigste jaar, naamlik die jubeljaar, en die vyftigste dag van die tel van die Omer, naamlik *Shavuot*. Albei word deur die blaas van die shofar aangekondig en albei is 'n jubelgeleentheid.
2. Die meeste is eenstemmig dat die wederkoms van Yeshua tydens 'n Jubeljaar sal wees. Die vraag is dus in die hoeveelste Jubeljaar sal dit plaasvind? Die eerste Shabbatsjaar was toe Israel die land Kanään binne gegaan het (Lev. 25:1). Die vraag wat hierop dan volg is waar in hierdie siklusse van die Shabbatsjaar en die Jubeljaar is ons, want dit sal ons insae gee oor wanneer die waarskynlike wederkoms sal wees? Hieroor is daar egter 'n meningsverskil.
3. Die Shabbatjaar en die Jubeljaar is 'n verdere bevestiging van die belangrikheid van die verskillende Shabbatte. In Levitikus 26 (parashah 34) sien ons die ernstige gevolge van die oortreding van die opdrag om die Shabbatsjaar en Jubeljaar nie te gedenk nie. Is dit nie ook van toepassing op die weeklikse Shabbatte, sowel as die jaarlikse Shabbatte van die Bestemde Tye nie?
 - 3.1. Hoe belangrik is dit om hieraan gehoorsaam te wees, veral gesien in die lig van die vierde gebod. Wat is die belofte van gehoorsaamheid aan die *shemittah* en die *yovel* (Lev. 25:18)? Geld dit nie ook vir die ander Shabbatte nie?
4. Moet ons slegs die geestelike betekenis van die *shemittah* en *yovel* sien en toepas of is dit steeds letterlik van toepassing. Het die letterlike toepassing daarvan slegs betrekking op die land Israel en sy inwoners of ook op diegene buite Israel?
5. Na watter toekomstige gebeurtenis is die Jubeljaar 'n heenwysing? Die wederkoms van Yeshua? Die 'terugkeer' na Israel (Jerusalem)? Het jy 'n verwagting van en verlange na die vrylating uit Babilon se godsdienstige, ekonomiese en politieke sisteem? Is jy gereed om terug te keer na jou huis en erfenis wat YHVH aan jou vader Abraham gegee het? Lees weer Lev. 25:10 en jubel met verwagting!!
6. Vertrou ons YHVH werklik as ons Voorsiener in al ons behoeftes? Kan Vader-God net die voorsiener wees indien ons Torah-gehoorsaam is of voorsien Hy ook al is ons ongehoorsaam? Is voorspoed 'n bewys van YHVH se seëninge? Onthou: Dit is nie geld wat die wortel van alle euwel is nie, maar geldgierigheid!!

7. Met Yeshua se eerste koms het hy die geestelike Jubeljaar aangekondig toe Hy op die shabbat in die sinagoge uit Jesaja 61:1 en 2 gelees het:

*“Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; Hy het My gestuur om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie te genees; om aan die wat gevangenes is vryheid te verkondig en aan blindes herstel van sig; om die wat depressief is, te herstel met vergifnis en om ’n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig.” Hy het die boekrol opgerol en aan die assistent gegee en gaan sit, maar die oë van almal in die bymekaarkomplek was vasgenael op Hom. Hy begin en sê vir hulle: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.
Luk. 4:18 tot 21 – PWL.*

Gaan Yeshua weer ‘n Jubeljaar met Sy wederkoms aankondig!!

Lev. 25:35 tot 43 – Onderrig en Instruksies aangaande die Verarmdes

As een van jou broers by jou arm word en sy land word wankelrig, moet jy hom ondersteun, soos ‘n vreemdeling of ‘n besoeker, dat hy by jou kan leef. Lev. 25:35 – PWL.

As jou broer (mede-burger, Israeliet) verarm moet hy ondersteun word en toegelaat word om soos ‘n vreemdeling en bywoner, met al die gepaardgaande regte, te kan lewe. Hy mag nie as slaaf behandel word nie, maar wel as dagloner diens doen tot die jubeljaar aanbreek en hy, met sy gesin, dan vrygelaat moet word (Lev. 25:39 tot 41).

Die verarmde verkoop dus sy dienste, soos ‘n dagloner, en hy moet daarvoor beloon word, want die arbeider is sy loon werd (Matt. 10:10; luk. 10:7; 1 Tim. 5:18).

Hiermee het YHVH Israel daaraan herinner dat die verarmde, soos elkeen van Israel, Sy diensknegte is wat Hy uit Egipte bevry het (Lev. 25:42). Uit vrees (respekvolle eerbied) vir YHVH moet hulle nie met hardheid oor die verarmde heers nie (Lev. 25:43). Hulle word daaraan herinner dat almal gelyk voor YHVH staan – Hy is nie ‘n aannemer van die persoon nie (Hand. 10:34).

Die verarmdes het ‘n ‘spesiale plekkie’ in die Vaderhart. Verwys na wat Yeshua en die Apostels hieroor gesê het:

- ❖ Hulpverlening aan die armes: Matt. 19:21; 26:11; Mark. 10:21; 14:7; Luk. 14:13,21; Hand. 11:29; Jak. 2:5; Gal. 6:7-10; 1 Joh. 3:17.
- ❖ Jak. 1:9 tot 11: Die verarmde se roem is net soos die ryke te vinde in die genade in Yeshua. Torah leer ons hoe om sulke verhoudings te reguleer sodat almal, ryk of arm, beroemd of eenvoudig, dieselfde behandel sal word.

Bepeins of Bespreek

1. Hierdie is ook vir ons ‘n herinnering hoe ons die verarmdes in ons midde moet behandel. Ons sal die armes altyd by ons hê, maar gaan ons altyd die geleentheid hê om die blye boodskap van Yeshua aan hulle te verkondig? (Matt. 26:11). Is die verarmde nie ‘n geleentheid om Vader-God se guns te bewys nie? Daarom is Judaïsme se siening dat die

verarmde wat jou om hulp vra aan jou 'n groter guns bewys as jy wat die verarmde help. Hoe moet ons optree in gevalle waar armoede weens luiheid of verslawing is? Moet ons slegs omsien na die behoeftes van verarmde mede-gelowiges of na alle verarmdes – selfs diegene wat van 'God en Sy gebod' niks wil weet nie?

2. Wat is die betekenis van Yeshua se woorde: *Salig is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God* (Luk.6:20). Die antwoord is in Matt. 5:3 – Is ons nie almal arm van gees nie? Moet ons wat oorvloed geestelike voedsel het, nie ook omsien na die wat geestelike gebrek het nie? Moet ons hulle nie ook dieselfde behandel as die wat fisies arm is nie? Vergelyk Matt. 11:5

Lev. 25:44 tot 55 – Onderrig en Instruksies Oor Slawe

Aangaande jou slaaf of jou slavin van die nasies wat rondom julle is, van hulle mag julle 'n slaaf of slavin koop, wat aan jou sal behoort. Lev. 25:44 – PWL.

Torah maak onderskeid tussen 'n slaaf (slavin) wat uit 'n vreemde nasie gekoop word en 'n dienskneg wat 'n Israeliet is wat weens armoede sy of haar dienste aan 'n mede-Israeliet verkoop. Die slaaf of slavin word as eiendom gereken, maar die dienskneg (*bondservant*) word grootliks, hoewel hy gekoop is, as 'n arbeider gesien wat na sewe jaar op sy (haar) vryheid geregtig was. 'n Dienskneg is dus nie 'n slaaf in die ware sin van die woord nie. Om beter begrip van die betekenis van 'n dienskneg te kry moet Ex. 21:2 tot 6 gelees word.

As jy 'n Hebreuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal. As hy alleen kom, moet hy alleen weggaan; as hy getroud is, moet sy vrou saam met hom weggaan. As sy meester aan hom 'n vrou gee en sy vir hom geboorte gee aan seuns of dogters, moet die vrou met haar kinders haar meester se eiendom wees en hy moet alleen weggaan, maar as die slaaf duidelik sê: 'Ek het my meester, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as 'n vry man weggaan nie,' dan moet sy meester hom na God toe bring, asook na die deur of die kosyn toe bring en sy meester moet sy oor met 'n els deurboor en hy moet hom vir altyd dien. (PWL)

Gesien uit 'n Skriftuurlike oogpunt is 'n dienskneg (*e'bed*) 'n vrywillige slaaf wat uit liefde vir sy meester hom dien en in alles aan hom onderdanig (gehoorsaam) is. Dit is wat die Apostels bedoel het wanneer hulle na hulself as diensknegte (*bondservants*) verwys het (Rom 1:1; Titus 1:1; Jak 1:1; 2 Pet. 1:1; Judas 1:1; Open. 1:1).

Lev. 25:55 stel dit duidelik dat YHVH vir Israel uit Egipte bevry het om Sy diensknegte (*e'bed*) te word. Elke mens is of 'n slaaf van die sonde en die dood of 'n dienskneg van die Gees van die lewe in Messias Yeshua (Rom. 8:2).

'n Slaaf is deur sy eienaar gekoop en het dus geen vryheid gehad nie. So is ons ook duur gekoop deur die kosbare bloed van Yeshua (1 Pet. 1:17 tot 20), maar as diensknegte. Omrede Yeshua bereid was om Sy lewe vir ons af te lê, is ons bereid om ook ons lewens vir Hom af te lê. Omrede ons duur gekoop is behoort ons dus ook nie aan onself nie (1 Kor. 6:19 en 20).

Bepeins of Bespreek

1. Wie se slaaf is jy? Is jy werklik vry van die godsdienstige, politieke, sosiale en ekonmiese sisteem van hierdie wêreld? Kan ons werklik hiervan vry wees terwyl ons in die wêreld

is? Is ons bevryding nie juis wanneer ons diensknegte van die Allerhoogste word nie? Is ons diensknegte (dissipels) of slegs volgelinge van Yeshua?

2. Is ons nie dikwels self verantwoordelik dat ons nog slawe is van die wêreldse dinge nie? Is dit nie 'n geval van ons is uit Egipte, maar Egipte is nog nie uit ons nie?

Lev. 26:1 en 2 – Ek is YHVH julle God

Julle mag vir julle geen afgode maak nie; nie 'n gekerfde beeld of 'n afgesonderde pilaar mag julle vir julle oprig nie en 'n gevormde klip beeld in julle land nie opstel om tot dit neer te buig nie, want Ek is יהוה, julle God. Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde Plek respekteer. Ek is יהוה. Eks. 26:1 en 2 – PWL

YHVH herinner Israel, Sy diensknegte wat Hy uit Egipte verlos het, aan die eerste gebod (Ek is YHVH, julle God), die tweede gebod (geen afgodery nie) en ook die vierde gebod (Gedenk die Shabbat), asook dat hulle die tabernakel (*My Afgesonderde Plek*) moet heilig!!

Alleenlik in die beloofde land kan Israel waarlik vry wees!! Onthou: Ons is Israel!! Daarom verlang ons na die wedekoms van Yeshua, want Sy koms sal die begin van 'n Jubeljaar wees! Alleenlik dan sal ons ware vryheid en rus ken. Intussen hou ons gereelde kleedreptisies deur die Shabbat te gedenk, asook YHVH se Vasgestelde Tye (Feestyte) te gedenk.

Bepeins of Bespreek

1. Is die eerste, tweede en vierde gebod nie die sleutel wat gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies oopsluit nie? Is dit nie sentraal tot heiligmaking nie? Is dit nie juis hierdie drie gebooe wat ons die meeste, en die maklikste, oortree nie?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jer. 32: 6 tot 27 – 'n Les in vertrouwe en gehoorsaamheid!

Yirmeyahu het gesê: “Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê: ‘Let op, Hanam’el, die seun van Shallum, jou oom, kom na jou toe en sê: “Koop vir jou my stuk grond wat in `Anatot lê, want jy het die reg van loskoping om dit te koop.’” Jer. 32:6 en 7 – PWL

Hierdie Haftorah is deel van Israel se geskiedenis toe die Babiloniese ballingskap, en die latere vernietiging van die tempel, op hande was. In hierdie Haftorah Skriflesing was Jeremia in die tronk op aanklag van verraad toe die woord van YHVH tot hom gekom het om 'n stuk grond van sy oom Hanameël terug te koop.

Jeremia was gehoorsaam en het die grond gekoop en in sy eie woorde vertel hy:

Ek het die akte geteken en verseël en getuies ingeroep en die geld afgeweeë op die weegskaal. Toe het ek die koopbrief gevat, beide die verseëlde een wat die terme bevat en die oop een en die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriayah, die seun van Magseyah, gegee voor die oë van Hanam’el, die seun van my oom en voor die oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het; voor die oë van almal van Y’hudah wat in die hof van die wagte gesit het en ek het aan Barukh voor hulle oë beveel en gesê: ‘So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Neem hierdie aktes, hierdie verseëlde koopbrief en hierdie oop akte en sit hulle in

‘n erdepot, dat hulle lank kan hou,” want so sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Huise, lande en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word.

Dink hieraan!! Jeremia was in die tronk omrede hy Israel gewaarsku het van die naderende oordeel van YHVH. Nogtans was hy gehoorsaam aan die Woord van YHVH te midde van omstandighede wat alles behalwe die ideale geleentheid was om grond te koop, want Hy het geweet dat die Babiloniese koninkryk binnekort alle grondgebied van Israel sal afneem.

Wat is die lesse wat ons hieruit kan leer?

- ❖ Die boodskap van ‘n ware profeet is nie een wat gehoor wil word deur diegene vir wie dit bedoel is nie.
- ❖ Gehoorsaamheid aan YHVH is ‘n vooropgestelde vereiste ongeag omstandighede. Jeremia het opgetree volgens die woord van YHVH en nie in eie belang nie. Hy het ook nie toegelaat dat omstandighede sy optrede beïnvloed nie, maar het geluister wat God beveel het. Jeremia het wel YHVH bevraagteken.

En tog het U, YHVH-God, self aan my gesê: Koop vir jou die stuk grond vir geld en neem getuies, terwyl die stad in die hand van die Chaldeërs oorgegee is! Toe het die woord van YHVH tot Jeremia gekom en gesê: Kyk, Ek is YHVH, die God van alle vlees; sou enige ding vir My te wonderbaar wees? Jer. 32:25 tot 27

Ongeag ons omstandighede is daar altyd hoop. Jeremia moes ook hieraan herinner word toe YHVH hom geantwoord het: *sou enige ding vir My te wonderbaar wees?* Jeremia dien as voorbeeld van vertroue in YHVH as Voorsiener in al ons behoeftes in alle omstandighede. Hy het nie op sy eie insig gesteun nie, maar ten volle op YHVH vertrou (Spr. 3:5).

- ❖ In hierdie gebeure sien ons ook die bevestiging dat die land Israel aan YHVH behoort en dat Sy volk altyd daarna terug sal keer.

‘So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Neem hierdie aktes, hierdie verseëldekoopbrief en hierdie oop akte en sit hulle in ‘n erdepot, dat hulle lank kan hou,” want so sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Huise, lande en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word.”

Jeremia se vertroue (geloof) in YHVH het gepaard gegaan met die daad wat dit bevestig het toe hy die grondgebied gekoop het en die koopbrief en die akte in ‘n erdepot laat verseël het vir die dag wanneer Israel sal terugkeer na hulle land en hy die bewys van eienaarskap van grondgebied kan lewer. Geloof sonder die werke wat vertroue bevestig is nuttelose (doeie) geloof (Jak. 2:14 tot 26)

Bepens of Bespreek

1. In Jer. 32:16 tot 25 sien ons dat Jeremia ook mens soos ons is toe hy met sekere vrae in sy hart na YHVH gegaan het en sekerheid wou hê na aanleiding van wat YHVH hom gevra het om te doen. Let daarop dat Jeremia eers gedoen het wat YHVH hom opdrag gegee het, en toe gevra het vir verduideliking en bevestiging!! Het ons nie ook maar dikwels vrae oor dit wat YHVH in Torah beveel nie? Is dit omdat ons te min geloof (vertroue) het? Dink aan ander

soortgelyke voorbeelde: Moses (Ex. 32:30 tot 33); Gideon (Rigters 6:36 tot 40) en Johannes die Doper (Matt. 11:2 en 3). Vergelyk ook die gelykenis van die onregverdige regter (Luk. 18:1 tot 8). In die verband skryf Matthew Henry die volgende:

Jeremiah adores [YHVH] and his infinite perfections. When at any time we are perplexed about the methods of Providence, it is good for us to look to first principles. Let us consider that [Elohim] is the fountain of all being, power, and life; that with him no difficulty is such as cannot be overcome; that he is [an Elohim] of boundless mercy; that is [an Elohim] of strict justice; and that he directs everything for the best. Jeremiah knows that [Elohim] was righteous in causing evil to come upon them. Whatever trouble we are in, personal or public, we may comfort ourselves that [YHVH] sees it, and knows how to remedy it. We must not dispute [Elohim's] will, but we may seek to know what it means (Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible)

2. Jeremia is 'n voorbeeld van iemand wat die stem van die Afgesonderde Gees kon hoor en dan daarvolgens gedoen (opgetree) het. Sommige mense 'hoor' (*sh'ma, sh'mar* en *asah*) nie eers die stem van YHVH soos dit in Torah en die Skrifte opgeteken is nie, en tog maak talle van hulle aanspraak dat hulle wel die stem van Afgesonderde Gees hoor. Verwysend na Eseg. 36:25 tot 33 kan ons wel vra of daar nie 'n tweevoudige werking van die Afgesonderde Gees is nie – eerstens van 'buite na binne' en tweedens van 'binne na buite' – die een wedergeboorte en die ander een vulling met die Afgesonderde Gees!
3. Geloof (vertroue) in YHVH Yeshua gaan met ooreenstemmende dade (werke) gepaard wat bewys en bevestiging van geloof is. Jeremia se gehoorsaamheid is bevestiging van die nuttelosheid van geloof sonder werke (Jak. 2:14 tot 26). My dade van geloof is nie bewys van my redding nie, maar bewys van die liefde vir die Een wat my gered het (Joh. 14:21 en 23)!!

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.